



It starts with a story...

10 reasons to use picture books

November is International Picture Book Month – a time to celebrate those special books that capture our imagination with their carefully chosen words and beautiful illustrations. Here are ten reasons to make picture books part of your children's reading life!



10 redes om prenteboeke te gebruik

November is Internasionale Prenteboekmaand – 'n tyd om daardie spesiale boeke te vier wat ons verbeelding met hul sorgvuldig gekose woorde en pragtige illustrasies aangryp. Hier is tien redes waarom jy prenteboeke deel van jou kinders se lewens as lesers behoort te maak!

- 1. Essential resources.** Picture books are meant to be read aloud, so this makes them the perfect reading resource for sharing stories with children.
- 2. Learning how stories work.** As we read picture books to children, we can invite them to comment on the story and ask questions about it. This deepens their understanding of the story and also helps them to learn about the way in which stories and books work. This knowledge makes learning to read easier.
- 3. Talk about the book.** Reading a picture book together encourages conversations about what's happening in the story, what the characters are feeling, the meanings of words, and how what's happening in the story might relate to your children.
- 4. Developing children's language.** Picture books offer children a language feast! Through the rhythm and rhyme in many of these books, children experience the sounds of our languages. And, because picture books use fewer words than novels, the words that are chosen and how they are used, is very important. So, the rich use of language in these books develops and extends children's own use of language.
- 5. An invitation to join in.** The repetition of sentences or phrases in some picture books, allows children to join in by saying those words of the story, even before they are able to actually read them.
- 6. Learning about picture clues.** As you read picture books to children, they learn that the pictures help to tell the story and give clues to what the words are. Understanding this is essential to learning to read.
- 7. Reading pictures.** In a picture book, the illustrations are as important as the text. Reading a picture book means exploring the art in it as well. This gives children practice at interpreting pictures.
- 8. Developing empathy.** Picture books help children to learn how to step into someone else's shoes and to see life from a different perspective. Developing the ability to do this takes lots of practice, and picture books provide a place to start the process.
- 9. Safe spaces to explore.** Picture books often explore challenging questions or topics. They offer their readers opportunities to find their own answers to difficult questions, such as, "What is love?" and "Are there situations where it's okay not to tell the truth?"
- 10. Messages about reading.** In a world where everyone is always busy, the fact that an adult takes the time to read a picture book to you sends a message to children that reading is important. And, when the adult enjoys reading to you, you also learn that reading is fun. These two messages motivate children to want to learn to read for themselves.

- 1. Noodsaaklike hulpmiddels.** Prenteboeke is ideaal vir hardop lees, en dit maak hulle die perfekte leeshulpmiddel om stories met kinders te deel.
- 2. Leer hoe stories werk.** Terwyl ons prenteboeke vir kinders lees, kan ons hulle nooi om kommentaar te lewer op die storie en vrae daarvoor te vra. Dit verdiep hulle begrip van die storie, en help hulle om te leer hoe stories en boeke werk. Hierdie kennis maak dit makliker om te leer lees.
- 3. Praat oor die boek.** Wanneer julle 'n prenteboek saam lees, moedig dit gesprekke aan oor wat in die storie gebeur, wat die karakters voel, die betekenis van woorde, en hoe dit wat in die storie gebeur, van toepassing kan wees op jou kinders.
- 4. Ontwikkel kinders se taal.** Prenteboeke is 'n taalfees vir kinders! Deur die ritme en rym in baie van hierdie boeke ervaar kinders hoe ons tale klink. En, omdat prenteboeke minder woorde as romans bevat, is die woorde wat gekies word, en hoe hulle gebruik word, baie belangrik. Die ryk taalgebruik in hierdie boeke ontwikkel en brei kinders se eie taalgebruik uit.
- 5. 'n Uitnodiging om deel te neem.** Die herhaling van sinne of frases in sommige prenteboeke laat kinders toe om deel te neem aan die leesproses deur daardie woorde van die storie op te sê, selfs voordat hulle dit regtig kan lees.
- 6. Leer van prenteleidrade.** Wanneer jy vir jou kinders prenteboeke lees, leer hulle dat die prente help om die storie te vertel en leidrade gee oor die woorde. Hierdie insig is noodsaaklik terwyl hulle leer om te lees.
- 7. Lees prente.** In 'n prenteboek is die illustrasies net so belangrik soos die teks. Om 'n prenteboek te lees beteken ook dat die prente verken word. Dit leer kinders om prente te vertolk.
- 8. Ontwikkel empatie.** Prenteboeke help kinders om te leer hoe om in iemand anders se skoene te staan en die lewe uit 'n ander perspektief te sien. Dit verg baie oefening om hierdie vermoë te ontwikkel, en prenteboeke bied 'n geleentheid om die proses te begin.
- 9. Veilige ruimtes om te verken.** Prenteboeke verken dikwels uitdagende vrae of onderwerpe. Dit bied aan lesers die geleentheid om hulle eie antwoorde op moeilike vrae te vind, soos, "Wat is liefde?" en "Is daar situasies waar dit reg is om nie die waarheid te vertel nie?"
- 10. Boodskappe oor lees.** In 'n wêreld waar almal altyd besig is, stuur die feit dat 'n volwassene tyd maak om 'n prenteboek vir jou te lees, 'n boodskap aan kinders dat lees belangrik is. En wanneer die volwassene dit geniet om vir jou te lees, leer jy ook dat lees pret is. Hierdie twee boodskappe motiveer kinders om self te wil lees.



Drive your imagination

Story Power.
Anywhere. Anytime. Anyone.
Oral. Altyd. Almal.



Story stars

A poet in the house!

FUNda Leader, Mpho Mofokeng, was introduced to poetry at an early age by his primary school English teacher, and this triggered a love of poetry and art in him. Today, as a young man, Mpho is a theatrical performer, poet and a writer who continues to use poetry to express his thoughts and feelings. We chatted to Mpho about how his passion for words influences his life.

Tell us about your Facebook poetry group?

In 2012, I created a Facebook group called "Genesis Poetry" in remembrance of one of my close friends who also loved poetry. This "group" is now four years old and more like a movement. We host poetry shows in the Vaal area, which is where I come from.

What is the role of stories and books in our lives?

Stories are maps and books are accounts of what has happened and what is to come. They are an expression of life.

Why is reading so important?

It is an investment in yourself. When I am reading I get drawn into the book and then I travel anywhere and everywhere the book wants to take me. Reading creates a whole other life for me.

Who read to you or told you stories as a child?

No one read to me, but my grandfather used to tell me stories in Sesotho.

Do you read to your children? Why?

Yes, I do. I read to them in Sesotho and English. Reading to them is important because I want them to love reading from an early age.

Every child should read ...

Every child should read a book that's a reflection of them.

Do you prefer reading fiction or non-fiction?

I like both and I think children should experience both. Variety is important.

The book that changed my world was ...

... *Things fall apart* by Chinua Achebe. That book made me fall in love with African literature!



Thulani Mbele

Mpho Mofokeng

Storiesterre

'n Digter in die huis!

FUNda Leader, Mpho Mofokeng, is op 'n jong ouderdom deur sy Engelse onderwyser op laerskool aan poësie bekendgestel. Dit het 'n liefde vir poësie en kuns by hom aangewakker. As 'n jong man is Mpho vandag 'n uitvoerende kunstenaar, digter en skrywer wat steeds poësie gebruik om sy gedagtes en gevoelens uit te druk. Ons het met Mpho gesels oor hoe sy passie vir woorde sy lewe beïnvloed.

Vertel ons van jou poësie-groep op Facebook?

In 2012 het ek 'n Facebook-groep met die naam "Genesis Poetry" geskep ter herinnering aan een van my goeie vriende wat ook van poësie gehou het. Hierdie "groep" bestaan nou al vier jaar lank en is meer soos 'n beweging. Ons bied poësievertonings aan in die Vaal-area, waar ek vandaan kom.

Wat is die rol van stories en boeke in ons lewens?

Stories is kaarte, en boeke is weergawes van wat gebeur het en wat nog gaan kom. Hulle is 'n uitdrukking van die lewe.

Waarom is lees so belangrik?

Dit is 'n belegging in jouself. Wanneer ek lees, word ek in 'n boek ingetrek en dan reis ek na enige plek en oral waarheen die boek my wil neem. Lees skep vir my 'n hele ander lewe.

Wie het as kind vir jou stories geles of vertel?

Niemand het vir my geles nie, maar my oupa het vir my stories in Sesotho vertel.

Lees jy vir jou kinders? Waarom?

Ja, ek lees vir hulle. Ek lees vir hulle in Sesotho en in Engels. Dit is vir my belangrik om vir hulle te lees, want ek wil hulle moet van jongs af lief wees vir lees.

Elke kind behoort ... te lees ...

Elke kind behoort 'n boek te lees wat 'n weerspieëling van hom- of haarself is.

Verkies jy fiksie of nie-fiksie?

Ek hou van albei, en ek dink kinders behoort albei te ervaar. Verskeidenheid is belangrik.

Die boek wat my wêreld verander het, is ...

... *Things fall apart* deur Chinua Achebe. Daardie boek het my laat verlief raak op Afrika-literatuur!

Find the poetry group, "Genesis Poetry", on Facebook.

Vind die poësiegroep, "Genesis Poetry", op Facebook.



NAL'IBALI ON RADIO!

Tune into the following radio stations to enjoy listening to stories on Nal'ibali's radio show!

Ikwekwezi FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.45 a.m.

Lesedi FM on Monday, Tuesday and Thursday at 9.45 a.m.

Ligwalagwala FM on Monday to Wednesday at 9.10 a.m.

Munghana Lonene FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.35 a.m.

Phalaphala FM on Monday to Wednesday at 11.15 a.m.

RSG on Monday to Wednesday at 9.10 a.m.

SAfm on Monday, Wednesday and Friday at 1.50 p.m.

Thobela FM on Tuesday and Thursday at 2.50 p.m., on Saturday at 9.20 a.m. and on Sunday at 7.50 a.m.

Ukhozi FM on Wednesday at 9.20 a.m. and on Saturday at 8.50 a.m.

Umlhlobo Wenene FM on Monday to Wednesday at 9.30 a.m.

X-K FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.00 a.m.



NAL'IBALI OP DIE RADIO!

Skakel op enige van die volgende radiostasies in en geniet dit om na stories op Nal'ibali se radioprogram te luister!

Ikwekwezi FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.45 vm.

Lesedi FM op Maandag, Dinsdag en Donderdag om 9.45 vm.

Ligwalagwala FM van Maandag tot Woensdag om 9.10 vm.

Munghana Lonene FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.35 vm.

Phalaphala FM van Maandag tot Woensdag om 11.15 vm.

RSG van Maandag tot Woensdag om 9.10 vm.

SAfm op Maandag, Woensdag en Vrydag om 1.50 nm.

Thobela FM op Dinsdag en Donderdag om 2.50 nm., op Saterdag om 9.20 vm. en op Sondag om 7.50 vm.

Ukhozi FM op Woensdag om 9.20 vm. en op Saterdag om 8.50 vm.

Umlhlobo Wenene FM van Maandag tot Woensdag om 9.30 vm.

X-K FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.00 vm.

Celebrate reading and writing!

November offers us lots of opportunities to have fun with reading and writing. Choose one or more of the special days below and try out our activity suggestions at home, in your classroom or at your reading club.



Vier lees en skryf!

November bied ons baie geleenthede om pret te hê met lees en skryf. Kies een of meer van die spesiale dae hieronder en probeer ons voorstelle vir aktiwiteite by die huis, in jou klaskamer of by jou leesklub.

November Picture Book Month

Celebrate Picture Book Month by choosing a picture book that none of you has read before. Read the title together. Then page through the book, and while looking at the pictures, tell your own story to go with them. Afterwards, read the story that the author wrote. How was the story you told similar and/or different to the one that the author wrote?

November Prenteboekmaand

Vier Prenteboekmaand deur 'n prenteboek te kies wat nie een van julle al voorheen gelees het nie. Lees die titel saam. Blaai dan deur die boek, en vertel julle eie storie wat by die prente pas terwyl julle daarna kyk. Lees daarna die storie wat die skrywer geskryf het. Hoe het die storie wat julle vertel het, ooreengestem en/of verskil van die storie wat die skrywer geskryf het?

13 November International Tongue Twister Day

With your children, write down some tongue twisters and then say them together over and over again, as quickly as you can. Here are some to get you going: She sells sea shells on the seashore. / Flash message, flash message. / A proper copper coffee pot. / I saw Esau sitting on a seesaw. Esau, he saw me. / Toy boat, toy boat. / Six thick thistle sticks. / Good blood, bad blood.

13 November Internasionale Tongknoper-dag

Skryf saam met jou kinders 'n paar tongknopers neer en sê hulle dan weer en weer, so vinnig as wat julle kan. Hier is 'n paar om julle aan die gang te kry: Wie weet waar Willem Wouter woon? Willem Wouter woon waar woeste westewinde waai. / My liewe neef Louw, my neus jeuk nou. Jeuk my liewe neef Louw se neus ook nou? / Drie rooi ribbokramme. / Sannie sê sy sal sewe sakke sout sleep.

15 November I Love to Write Day

Write something that you've always wanted to! It can be about anything, and it doesn't have to be long. You could write a letter, an email, a Facebook post, a poem, an article on a topic you are passionate about, the first few paragraphs or pages of a story, or you could write to your local newspaper with a point you've always wanted to make but never found time for. Just get writing!

15 November Ek Hou van Skryf-dag

Skryf iets wat jy nog altyd wou skryf! Dit kan oor enigiets wees, en dit hoef nie lank te wees nie. Jy kan 'n brief skryf, 'n e-pos, 'n inskrywing op Facebook, 'n gedig, 'n artikel oor 'n onderwerp waaroor jy passievol voel, die eerste paar paragrawe van 'n storie, of jy kan aan jou plaaslike koerant skryf om 'n mening te gee wat jy nog altyd wou gee, maar nog nooit tyd voor gehad het nie. Begin net skryf!

21 November World Hello Day

This year people from 180 countries around the world will celebrate World Hello Day for the 44th time! World Hello Day was started as a way of showing how important communication and understanding are for peace. Like others around the world, you can celebrate this day by taking the time to greet ten people throughout the day – and try to do this in their mother tongue, even if you have to ask them how to do this first!

21 November Wêreld Hallo-dag

Hierdie jaar sal mense van 180 lande oor die hele wêreld vir die 44ste keer Wêreld Hallo-dag vier. Wêreld Hallo-dag is ingestel as 'n manier om te wys hoe belangrik kommunikasie en begrip vir die verkryging van vrede is. Soos ander mense oral in die wêreld, kan jy hierdie dag vier deur tyd te maak om gedurende die dag tien mense te groet – en probeer om hulle in hul moedertaal te groet, selfs al moet jy hulle eers vra hoe om dit te doen!

25 November Buy Nothing Day

Use different coloured paper, coloured pencils or crayons, glue, fabric scraps and other waste materials that you already have to create your own short storybook. Then share the fun by showing and reading it to someone else.

25 November Koop Niks-dag

Gebruik verskillende kleure gekleurde papier, kleurpotlode of kleurkryte, gom, stukkies afvalmateriaal, en ander rommel wat jy reeds het om jou eie kort storieboek te maak. Deel dan die pret deur dit vir iemand anders te wys en te lees.



Get story active!

Here are some ideas for using the two cut-out-and-keep picture books, *Nicholas and the Wild Ones*, (pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12) and *That's better!* (pages 9 and 10) as well as the Story Corner story, *Why monkeys live in trees* (page 14). Choose the ideas that best suit your children's ages and interests.

Nicholas and the Wild Ones

On his first day at school Nicholas is faced with a gang of bullies, but over time he is able to use his creativity to win their admiration and he also makes a surprising new friend. This picture book is a story about bullying, problem solving and friendship.



- ★ As you read the book together:
 - ➔ spend time looking closely at and commenting on the detail in the pictures.
 - ➔ discuss Nicholas's decision not to go back to school on page 8. For example, ask your children, "Do you think Nicholas's idea is a good one? How do you think you might have felt if you were him?"
 - ➔ ask your children what they think about the advice Nicholas's family members give him on pages 9 and 10.
 - ➔ ask your children what they think is going to happen after page 17, and then after you have read page 18, ask them if they thought Cindy was going to say that.
- ★ Once you have finished reading the story, ask your children:
 - ➔ what they think of the way Nicholas behaved in the story, which of the things that he did they would also have done and which things they might have done differently.
 - ➔ to share what they know about bullying and how to deal with it. Remind them that it is important to tell an adult they trust if they are ever bullied or if they feel that they want to bully others.
- ★ Suggest that your children write a letter to one of the characters in the story – and then let them write this character's reply to the letter.

That's better!

This picture book explores how little Sipho finds comfort in familiar things and by being with those he loves whenever he feels sad, or lonely, or scared. This book celebrates the security that families and friends can give to young children.



- ★ As you read the book together with very young children point to and talk about the people in the pictures, where they are and what they are doing.
- ★ With older children, point out how Sipho has a special blanket with him that makes him feel safe and secure. Let them find the blanket in the pictures. Do they have an object that helps to comfort them? Or, did they have one when they were younger?

Why monkeys live in trees

In this retelling of a traditional story, we find out why monkeys prefer to stay up in the trees.



- ★ Talk about the way in which Lion and Monkey behaved towards each other in the story. How could they have behaved differently? How might this have changed the story?
- ★ Invite your children to draw a picture of the part of the story where Monkey is watching the other animals walk past the body of the lion. Suggest that they draw speech bubbles or thought bubbles for Lion, Monkey and the other animals, and then either write words or draw pictures in the bubbles to show what the animals might be thinking or saying.
- ★ This is a good story for acting out! Let everyone play the part of a different character and enjoy recreating the story together.

Raak doenig met stories!

Hier is 'n paar idees om die twee knip-uit-en-bêreboekies, *Werner en die Wildewragtigs*, (bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12) en *Dis beter!* (bladsye 9 en 10) asook die Storiehoekie-storie, *Waarom apies in bome woon* (bladsy 15) te gebruik. Kies die idees wat die beste by jou kinders se ouderdomme en belangstellings pas.

Werner en die Wildewragtigs

Op sy eerste skooldag maak Werner kennis met 'n bende boelies, maar mettertyd kan hy sy kreatiwiteit gebruik om hulle bewondering te wen, en hy maak ook 'n verrassende nuwe maat. Hierdie prenteboek is 'n storie oor boelies, probleemoplossing en vriendskap.

- ★ Terwyl julle die boek saam lees:
 - ➔ maak tyd om goed na die detail in die prente te kyk en kommentaar daaroor te lewer.
 - ➔ bespreek Werner se besluit op bladsy 8 om nie terug skool toe te gaan nie. Vra byvoorbeeld vir jou kinders: "Dink julle Werner se idee is 'n goeie idee? Hoe dink julle sou julle gevoel het as julle hy was?"
 - ➔ vra jou kinders wat hulle van die raad dink wat Werner se familielede op bladsye 9 en 10 vir hom gee.
 - ➔ vra jou kinders wat hulle dink gaan ná bladsy 17 gebeur, en as julle dan klaar bladsy 18 gelees het, vra hulle of hulle gedink het Cindy gaan dit sê.
- ★ Wanneer julle die storie klaar gelees het, vra vir jou kinders:
 - ➔ wat hulle dink van die manier waarop Werner in die storie optree, watter van die dinge wat hy gedoen het hulle ook sou gedoen het en watter dinge hulle dalk anders sou gedoen het.
 - ➔ om te deel wat hulle van boeliegedrag weet en hoe om dit te hanteer. Herinner hulle dat dit belangrik is om vir 'n volwassene wat hulle vertrou te vertel as hulle ooit geboelie word, of as hulle voel dat hulle ander wil boelie.
- ★ Stel voor dat jou kinders 'n brief aan een van die karakters in die storie skryf – en vra hulle dan om hierdie karakters se antwoord op die brief te skryf.

Dis beter!

Hierdie prenteboek verken hoe klein Sipho troos vind in bekende dinge, en ook deur by die mense te wees vir wie hy lief is, wanneer hy hartseer, eensaam of bang voel. Hierdie boek vier die geborgenheid wat familie en vriende vir jong kinders kan gee.

- ★ Terwyl jy die boek saam met baie jong kinders lees, wys na en praat oor die mense in die prente, waar hulle is en wat hulle doen.
- ★ Met ouer kinders, wys hulle hoe Sipho 'n spesiale kombersie het wat hom veilig en geborge laat voel. Laat hulle die kombersie in die prente soek. Het hulle iets wat help om hulle te troos? Of het hulle iets gehad toe hulle jonger was?

Waarom apies in bome woon

In hierdie oortelling van 'n tradisionele storie vind ons uit waarom apies verkies om bo in die bome te woon.

- ★ Praat oor die manier waarop Leeu en Apie teenoor mekaar optree in die storie. Hoe kon hulle anders opgetree het? Hoe sou dit dalk die storie verander het?
- ★ Nooi jou kinders om 'n prent te teken van die deel van die storie waar Apie kyk hoe die ander diere verby Leeu se liggaam loop. Stel voor dat hulle praatborrels of denkborrels vir Leeu, Apie en die ander diere teken, en dan woorde in die borrels skryf of prente in die borrels teken om te wys wat die diere dink of sê.
- ★ Hierdie is 'n goeie storie om op te voer! Laat elkeen die rol van een van die karakters speel en geniet dit om die storie saam te herskep.

Create TWO cut-out-and-keep books

That's better!

1. Tear off page 9 of this supplement.
2. Fold the sheet in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again along the green dotted line to make the book.
4. Cut along the red dotted lines to separate the pages.

Nicholas and the Wild Ones

1. To make this book use pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12.
2. Keep pages 7 and 8 inside the other pages.
3. Fold the sheets in half along the black dotted line.
4. Fold them in half again along the green dotted line to make the book.
5. Cut along the red dotted lines to separate the pages.



Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

Dis beter!

1. Skeur bladsy 9 van hierdie bylae af.
2. Vou die bladsy in die helfte op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
4. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.

Werner en die Wildewragtigs

1. Om hierdie boek te maak, gebruik bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12.
2. Hou bladsye 7 en 8 binne-in die ander bladsye.
3. Vou die velle in die helfte op die swart stippellyn.
4. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
5. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.



Drive your imagination

Cindy Crocker drew a wobbly pink heart. The rest of the Wild Ones didn't know what to draw. Instead, they laughed at Cindy's pink wobbly heart.

Cindy Klopper teken 'n beweyrige pienk hart. Die ander Wildewragtigs weet nie wat om te teken nie. Daarom lag hulle vir Cindy se beweyrige pienk hart.




Shakira drew herself on a tightrope balancing on one foot

Shakira teken 'n prent van haarself waar sy 'n balansseertoertjie doen.



So in art class, when Miss Pinkerton asked them all to draw something, Nicholas drew a Wild Ones Munching Machine.

So, toe juffrou Nette in die kunsklas se hulle moet iets teken, teken Werner 'n Wildewragtig-happer.



Nicholas and the Wild Ones Werner en die Wildewragtigs



Niki Daly



We publish what we like

This is an adapted version of *Nicholas and the Wild Ones*, published by Jacana Media and available in bookstores and online from www.jacana.co.za. This story is available in English, Afrikaans, isiXhosa and isiZulu. Jacana publishes books for young readers in all eleven official South African languages. To find out more about Jacana titles go to www.jacana.co.za.

Hierdie is 'n aangepaste weergawe van *Werner en die Wildewragtigs*, uitgegee deur Jacana Media en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by www.jacana.co.za. Hierdie storie is beskikbaar in Engels, Afrikaans, isiXhosa en isiZulu. Jacana publiseer boeke vir jong lesers in al elf amptelike Suid-Afrikaanse tale. Om meer uit te vind oor Jacana-titels, gaan na www.jacana.co.za.

© Jacana Media (South African rights only) Tel: 011 628 3200

FRANCES LINCOLN
CHILDREN'S BOOKS

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Die volgende dag gaan Werner maar skool toe – en die Wildewragtjies wag hom in. Hy wys hy is nie bang vir hulle nie, en hou sy vuiste SO! Die Wildewragtjies skater van die lag.



So the next day Nicholas went to school – and the Wild Ones were waiting for him. Nicholas showed them he was not afraid and put up his fists like SO! This made the Wild Ones fall about with laughter.



When Nicholas came out of school, Mum was waiting.
“How did you like it?” asked Mum.
“Not one bit,” replied Nicholas.
“Oh dear, why not?” asked Mum.
“See those kids over there?” said Nicholas.
“Yes,” said Mum.
“Well, those are the Wild Ones,” said Nicholas.



Werner se Wildewragtig-verwerker

© Werner



“Cindy, dear,” said Miss Pinkerton,
“come and sit next to Nicholas.”
“That’s a cool pink wobbly heart,”
said Nicholas.
Miss Pinkerton was happy to see
Cindy and Nicholas talking to each other
at last.
“Toemaar, Cindy,” sê juffrou Nettie,
“kom sit hier langs Werner.”
“Dis ’n mooi bewertige pienk hart!”
sê Werner.
Juffrou Nettie glimlag. Sy lyk bly
om te sien dat Werner en Cindy met
mekaar gesels.


“Yes,” said Mum. “I’m
sure you’ll come up with a
plan. But you’ve got to go to
school. Otherwise, how will you
become a famous inventor?”
“Ja,” sê Mamma. “Ek is
seker jy sal ’n plan beaam. Maar
jy moet skool toe gaan. Hoe
anders gaan jy ’n beroemde
uitvinder word?”



“No, no,” said Gran.
“Nicholas is an ‘ideas man’.
He’ll think of a creative way to
handle those Wild Ones.
“Nee, Oupa,” sê Ouma.
“Werner dink nie met sy vuiste
nie. Hy sal wel aan ’n slim plan
dink om met daai Wildewragtigs
af te reken.”

Nicholas's Wild One Convertor

© Nicholas



Toe Werner uit die skool kom, wag Mamma vir hom.
“En toe, hoe hou jy van skool?” vra sy.
“Dis somer goor,” antwoord Werner.
“O aarde, wat het gebeur?” vra Mamma.
“Sien Mamma daai kinders?” beduie Werner.
“Ja,” sê Mamma.
“Dis die Wildewragtigs,” sê Werner.

“By putting up
your fists like SO?”
said Gramps.
“Deur jou vuiste
SO te hou!” sê Oupa.



When Dad heard about
the Wild Ones, he said,
“You’ve got to show them
that you’re not afraid!”
“How?” asked Nicholas.
Toe Pappa van die
Wildewragtigs hoor,
sê hy: “Ou seun, jy moet
hulle wys jy’s nie bang vir
hulle nie.”
“Hoe?” vra Werner.



Reggie gave him a
savage wedgie ...
Frik gee sy
onderbroek ’n ekstra
harde pluk ...



Uh-oh! At
break, Charlie jumped
on Nicholas ...
Agge nee! Toe
pouse aanbreek, spring
Willie bo-op Werner ...



Going home, Nicholas told Mum all about the Wild Ones.
“Charlie’s the wildest,” explained Nicholas. “He stands on
top of the climbing frame and jumps on anyone who passes
below him.”
“That’s dangerous,” said Mum.
“**Lethal!**” said Nicholas. “But you know who’s
really creepy?”
“Tell me,” said Mum.



Op pad huis toe vertel Werner sy ma van die Wildewragtigs.
“Willie is vreeslik wild,” sê hy. “Hy staan op die klimraam en
spring bo-op die kinders wat verbystap.”
“Sjoe, dis gevaarlik!” sê Mamma geskok.
“**Super-gevaarlik!**” sê Werner. “Maar raai wie’s nog wilder
as Willie?”
“Vertel my,” sê Mamma.

Shakira could
show Nicholas how
to balance on one
leg, like SO,

Shakira kan
vir Werner wys hoe
om op een been te
staan, SO,



and Nicholas could show Shakira how to hold her fists like
SO, just in case the Wild Ones ever turned wild again, which they
hardly ever did ... except some days, when they simply HAD to
be wild! And that gave Nicholas a new idea ...

en Werner kan vir Shakira wys hoe om haar vuiste SO te
hou – net ingeval die Wildewragtigs weer iemand wil afknou.
Maar gelukkig doen hulle dit byna nooit meer nie ... behalwe
party dae, as hulle eenvoudig wild MOET wees! En dit het
Werner ’n nuwe idee gegee ...






That's better!
Dis beter!

"What a brave boy!" Siphiso feels worried.
"Wat 'n dapper seun!" Siphiso is bekommerd.



That's better!
Dis beter!

"It's playtime." Siphiso feels shy.
"Dis speelyd." Siphiso is skaam.



That's better!
Dis beter!



William Gumede
Alzette Prins



We publish what we like

This is an adapted version of *That's better!* published by Jacana Media and available in bookstores and online from www.jacana.co.za. This story is available in isiZulu, isiXhosa, English, Afrikaans, Setswana, Sesotho, Sepedi, Siswati, Xitsonga, Tshivenda and isiNdebele. Jacana publishes books for young readers in all eleven official South African languages. To find out more about Jacana titles go to www.jacana.co.za.

Hierdie is 'n aangepaste weergawe van *Dis beter!*, uitgegee deur Jacana Media en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by www.jacana.co.za. Hierdie storie is beskikbaar in isiZulu, isiXhosa, Engels, Afrikaans, Siswati, Sepedi, Sesotho, Setswana, Xitsonga, Tshivenda en isiNdebele. Jacana publiseer boeke vir jong lesers in al elf amptelike Suid-Afrikaanse tale. Om meer uit te vind oor Jacana-titels, gaan na www.jacana.co.za.

© Jacana Media (South African rights only) Tel: 011 628 3200



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi





That's better!
Dis beter!

"See you later!" Sipho feels lonely.
"Sien jou later!" Sipho voel eensaam.



"Where are you?" Sipho feels scared.

That's much better!



Dis sommer baie beter!

That's better!
Dis beter!





Then Cindy Crocker cornered him in the toy shed and ...
En toe keer Cindy Klopper hom in die speelkamer
voor en ...



Big-Mouth Jake ran away with his
packet of Space Snacks ...
Grootbek Gavin gryp sy lekkers ...



So in art class he showed them how to make their own. And **that** meant that Charlie didn't jump on anyone, Reggie cut out the wedgies, Big-Mouth Jake didn't even think of treats, Cindy thought of giving Shakira a push, but didn't, and **this** meant ...

In die kunsklas wys Werner hulle hoe om een te maak. En **dit** beteken ... Willie spring op niemand nie, Frik pluk niemand aan die onderbroek nie, en Grootbek Gavin vergeet skoon om aan kos te dink. Cindy oorweeg dit om Shakira te stamp, maar sy doen dit nie. **Dit** beteken ...



"After break she read us a book about our rights. And NOBODY has the right to be horrid to us," said Nicholas.
"Quite right," said Mum.
"So, I won't be going to school any more," said Nicholas.

"Wedgie Reggie," said Nicholas. "He thinks it's very funny to yank kids up by their underpants. And you know what?"
"What?" asked Mum.
"My friend Stephen had to walk around with his underpants up his bottom."
"That's not very funny," said Mum.

"It's **mean**," said Nicholas. "But Big-Mouth Jake's even worse."
"Why?" asked Mum.



"Ruk-en-pluk Frik," sê Werner. "Hy dink dis baie snaaks om die seuns aan hulle onderbroeke op te pluk. En weet Mamma wat?"
"Wat?" vra Mamma.
"My nuwe maatjie Stefan moes rondloop met sy onderbroek tussen sy boude."
"Dis glad nie snaaks nie," sê Mamma.
"Dis **aaklig**," sê Werner. "Maar Grootbek Gavin is nog erger."
"Hoe so?" wil Mamma weet.

"Na pouse het sy vir ons 'n boek oor kinderrege gelees. NIEMAND het die reg om ons af te knou of met ons gemeen te wees nie," sê Werner.
"Dit is so waar!" antwoord Mamma.
"En dis hoekom ek nie weer skool toe gaan nie," sê Werner.

“Cindy Klopper. Sy’s so groot soos ’n stoel.
Syt my aspris gestamp toe ek vir Shakira my nuwe
poefaangetrewe kar-uitvindsel gewys het,” sê Werner.
“Dis afknouery,” sê Mamma. “Het jy vir juftrou
Nettie vertel?”
“Ja,” sê Werner. “En raai wat het sy gedoen?”
“Wat?” vra Mamma.



“Cindy Crocker. She’s as **big as a wrestler**. She
pushed me from behind while I was showing Shakira my
poo-powered motor-car invention,” said Nicholas.
“That’s bullying,” said Mum. “Did you tell Miss Pinkerton?”
“Yes,” said Nicholas. “And you know what she did?”
“What?” asked Mum.

“At break, he snatched Shakira’s snack and stuffed it in his
mouth. He didn’t even close his mouth. You could see the goo
going round and round like cement in a cement mixer. But
now I’m going to tell you about the SCARIEST, WILDEST
ONE IN THE ENTIRE WORLD!”

“Who’s that?” asked Mum.

“Pouse het hy Shakira se kos gegryp en dit in sy mond
geprop. Hy’t nie eens sy mond toegemaak nie. ’n Mens
kon sien hoe die klonte kos rondmaal, soos sement in ’n
sementmenger! Maar wag tot ek Ma van die WILDSTE
WILDEWRAGTIG IN DIE HELE WÊRELD vertel!”

“En wie’s dit?” vra Mamma.



... said, “Can I come and play at your house?”
“Sure,” said Nicholas.
After school, Mum was pleased to see that Nicholas had
made a new friend.
... vra: “Mag ek vanmiddag by jou huis kom speel?”
“Jip,” sê Werner.
Nà skool lyk Mamma in haar noppies om te sien dat
Werner ’n nuwe speelmaat het.

That afternoon they
had a really fun time. Cindy
showed Nicholas how to
do a powerslam.

Daardie middag het
hulle hope pret. Cindy
wys vir Werner hoe om
’n pens-plof te doen.



And Nicholas demonstrated his latest solar-powered helicopter
design in flight.

When the rest of the Wild Ones heard about Nicholas’s cool
helicopter design they all wanted one.

En Werner
wys haar hoe sy
sonkraghelikopter werk.

Toe die ander
Wildewragtigs
van Werner se
helikopterontwerp
hoor, wil hulle ook
elkeen een hê.



The Na'ibali bookshelf

To celebrate International Picture Book Month, here is some information about one of South Africa's most famous writers and illustrators of picture books – Niki Daly. (He is the author and illustrator of the cut-out-and-keep book in this edition, *Nicholas and the Wild Ones*.)

Niki was born in Cape Town and spent most of his life there before moving to the small Western Cape town of Kleinmond a few years ago. Although he writes in English, Niki Daly's books have been translated into many different languages and are enjoyed by children here and all over the world. He won an international award for the very first book he had published – and he has been winning awards ever since, within South Africa and in other countries too.



Niki Daly

Die Na'ibali-boekrak

Om Internasionale Prentboekmaand te vier, gee ons vir julle inligting oor een van Suid-Afrika se bekendste skrywers en illustreerders van kinderboeke – Niki Daly. (Hy is die skrywer en illustreerder van die knip-uit-en-bêreboekie in hierdie uitgawe, *Werner en die Wildewragtigs*.)

Niki is in Kaapstad gebore en het die grootste deel van sy lewe daar gewoon voordat hy 'n paar jaar gelede na die klein dorpie, Kleinmond, in die Wes-Kaap verhuis het. Hoewel hy in Engels skryf, is Niki Daly se boeke in baie verskillende tale vertaal en word deur kinders hier en oral in die wêreld geniet. Hy het 'n internasionale toekenning vir sy heel eerste boek gewen – en sedertdien wen hy toekennings in Suid-Afrika en ook in ander lande.

Keep the picture books that you love the most. One day when you are an adult, you will open them up again, and how you felt as a child will come flooding back to you!
Niki Daly

Some books by Niki Daly

Lots of Niki Daly's books are available in a number of South African languages. Most libraries and bookshops have his books available. Here are some of his books.

Boeke deur Niki Daly

Baie van Niki Daly se boeke is beskikbaar in 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse tale. Sy boeke is by die meeste biblioteke en boekwinkels verkrygbaar. 'n Lys van party van sy boeke verskyn in blou hieronder.

Creepy Street / Spookstraat

The Herd Boy / Die Veewagtertjie

Not so fast, Songololo!

Pretty Salma / Mooiste Salma

Where's Jamela? / Waar's Jamela?

Zanzibar Road

Next stop – Zanzibar Road / Zanzibarstraat, hier kom ons!

Thank you, Jackson / Baie dankie, Jackson

Ideas for stories can come to me in an instant, or they can spend years just written down as an idea in my "Book of Ideas".
Niki Daly


Idees vir stories kom in 'n oogwink na my toe, of hulle kan jare lank bloot idees in my "Boek van Idees" bly.
Niki Daly

Hou die prentboeke waarvan jy die meeste hou. Eendag wanneer jy 'n grootmens is, sal jy hulle weer oopmaak, en jy sal weer voel soos jy gevoel het toe jy 'n kind was!
Niki Daly



Are you a FUNda Leader?

Do you want to find ways to help children learn and become literate through fun and relaxed interactions with stories? Are you willing to be a reading role model? If so, sign up as a FUNda Leader at nalibali.org/funda-leader and create a better life for our children. Join the movement now!




Is jy 'n FUNda Leader?

Wil jy maniere vind om kinders te help om te leer en geletterd te raak deur prettige en ontspanne interaksies met stories? Is jy bereid om 'n leesrolmodel te wees? Indien wel, skryf in as 'n FUNda Leader by nalibali.org/funda-leader en skep 'n beter lewe vir ons kinders. Sluit nou aan by die beweging!

Drive your imagination



Why monkeys live in trees



Retold by Nicky Webb ★ Illustrations by Richard Mackintosh

Lion was the king of the beasts. His loud roar made the leaves on the trees tremble. He spent his days hunting for food and sleeping in the sun. He was proud of his roar, and he was proud of his sharp teeth and claws, but he was most proud of his beautiful golden coat and mane.

One day as he drank from a pond, Lion noticed that his mane was looking rather patchy. "What's this?" he grumbled to himself. He turned around and noticed a patch of hair missing from his golden back. Lion was very unhappy. It would not do for a lion to have no hair and no mane. He ran off to see Dr Tortoise to find out what could be done to save his coat.

"Hmmm," said Dr Tortoise thoughtfully. "This is a terribly serious case of something, but I'm not sure what. Let me think ..."



"Oh no! This sounds very bad," gasped Lion, but it wouldn't do for a great big lion to cry. His knees were shaking. "Will ... will I live?" he gasped.

"Of course you'll live," laughed Dr Tortoise, "you've just got a serious case of fleas. You need to go and ask Monkey to pick the fleas off for you. Then you'll be right as rain."

"Fleas? Is that all?" said Lion looking relieved. He thanked Dr Tortoise and hurried off to find Monkey.

Monkey was up to mischief as usual. He was sitting in a tree throwing rotten ngwenya berries at a lazy warthog that was sleeping in the sun.

"Monkey!" roared Lion. Monkey jumped and almost fell out of his tree. "Monkey, please could you come and pick the fleas from my coat for me?" asked Lion.

"Yes, of course, Your Majesty," chattered Monkey dropping his last berry and hurrying down the tree.

Lion lay in the warm sun as Monkey combed and picked through his mane and fur. Monkey combed and picked. He stroked and groomed. The sun was warm and soon Lion fell fast asleep.

When Lion woke up he found that he couldn't move. He roared with anger when he discovered that Monkey had tied his tail to a tree. The more Lion pulled and wriggled, the tighter the knot in his tail became. A little bushbaby watched with saucer eyes from the tree as Lion struggled and pulled.

"I could help you, Lion," said Bushbaby sweetly, "but you would have to promise not to eat me."

Lion was tired out from his struggles. "Of course I won't eat you," he panted. His tummy was growling. Bushbaby looked nervous. "I promise I won't eat you!" said Lion.

So Bushbaby climbed down from the tree and started undoing the knot with his long delicate fingers. Finally Lion was free. He thanked Bushbaby and went on his way.

As he walked along, Lion thought about what Monkey had done to him and he felt very cross. He decided to teach Monkey a lesson. He told the other animals to wait five days and to then tell Monkey that Lion had died.

Five days later the animals went to Monkey and told him that, sadly, Lion had died. Warthog even pretended to cry. The animals told Monkey that they had decided to say goodbye to Lion by having a party. Monkey loved parties, and so he said, "I'll definitely be there!"

That afternoon Monkey watched the animals line up near the great body of the lion and then walk past him one by one, stroking his mane, kissing his head and saying goodbye. Monkey hopped from one leg to the other. He was hoping to say goodbye to Lion quickly so that he could get to the food at the party.

When he reached Lion's head, he leant over and chattered, "Goodbye you silly old cat. I tricked you properly."

Lion's eyes flicked open and he jumped up with a R-O-A-R! Monkey got such a fright that he fell over backwards.



Quickly Monkey scrambled to his feet and raced up the closest tree, where he sat chattering and shivering in fright. Lion roared again and shook his giant paw at Monkey, "You and all the other monkeys better not come down from the trees! If you do, I promise you that I'll eat you for supper!"

And to this day, monkeys spend all their time in the trees not daring to come down for fear of becoming Lion's next meal.



Waarom apies in bome woon

Oorvertel deur Nicky Webb ★ Illustrasies deur Richard Mackintosh

Storiehoekie

Leeu was koning van die diere. Sy harde brul het die blare aan die bome laat bewe. Bedags het hy gejag vir kos en in die son gelê en slaap. Hy was trots op sy brul, en hy was trots op sy skerp tande en kloue, maar hy was die trotsste van alles op sy pragtige goue pels en maanhare.

Op 'n dag, terwyl hy by 'n dam water drink, sien Leeu dat sy maanhare vol kaal kolle is. "Wat's dit?" brom hy by homself. Hy draai om en sien dat die goue hare op sy rug ook vol kaal kolle is. Leeu is baie ongelukkig. Dit sal nie deug as 'n leeu nie hare of maanhare het nie. Hy draf weg om dr. Skilpad te gaan sien en uit te vind wat hy kan doen om sy pels te red.

"Hmmm," sê dr. Skilpad nadenkend. "Dit is 'n uiters ernstige geval van iets, maar ek is nie heeltemal seker van wat nie. Laat ek dink ..."



"O, nee! Dit klink verskriklik," snak Leeu, maar 'n groot leeu mag tog nie huil nie. Sy kniekoppe bewe. "Sal ... sal ek dit oorleef?" vra hy.

"Natuurlik sal jy dit oorleef," lag dr. Skilpad, "jy het net 'n ernstige vlooi-aanval. Jy moet vir Apie gaan vra om die vlooi te vang. Dan is jy weer so reg soos 'n roer."

"Vlooi? Is dit al?" sê Leeu en lyk verlig. Hy bedank dr. Skilpad en haas hom om Apie te gaan soek.

Apie is soos gewoonlik besig om kattekwaad aan te vang. Hy sit in 'n boom en gooi vrot ngwenya-bessies na 'n lui vlakvark wat in die son lê en slaap.

"Apie!" brul Leeu. Apie skrik en val byna uit die boom uit. "Apie, kan jy asseblief die vlooi in my pels kom vang?" vra Leeu.

"Ja, natuurlik, U Majesteit," kwetter Apie. Hy laat val sy laaste bessie en skarrel af grond toe.

Leeu lê in die warm son terwyl Apie sy maanhare en pels kam en die vlooi vang. Apie kam en vang vlooi. Hy streel en pamperlang. Die son is warm en sommer gou is Leeu vas aan die slaap.

Toe Leeu wakker word, kan hy nie roer nie. Hy brul van woede toe hy ontdek dat Apie sy stert aan 'n boom vasgebind het. Hoe meer Leeu trek en wriemel, hoe stywer trek die knoop in sy stert. 'n Klein nagapie kyk met pieringoë uit die boom hoe Leeu spartel en spook.

"Ek kan jou help, Leeu," sê Nagapie liefies, "maar dan moet jy eers belowe om my nie op te eet nie."

Leeu is moeg gespartel. "Natuurlik sal ek jou nie eet nie," hyg hy. Sy maag grom. Nagapie lyk senuweeagtig. "Ek belowe ek sal jou nie eet nie!" sê Leeu.

Nagapie klim toe uit die boom en begin die knoop met sy lang, delikate vingers losknoop. Uiteindelik is Leeu vry. Hy bedank vir Nagapie en loop weg.

Terwyl hy loop, besin Leeu oor wat Apie aan hom gedoen het, en hy raak baie kwaad. Hy besluit om Apie 'n les te leer. Hy vertel vir die ander diere om vyf dae te wag en dan vir Apie te vertel dat Leeu dood is.

Vyf dae later gaan die diere na Apie toe en vertel hom hartseer dat Leeu ongelukkig dood is. Vlakvark maak selfs of hy huil. Die diere vertel vir Apie dat hulle besluit het om 'n partytjie te hou om van Leeu afskeid te neem. Apie is dol oor partytjies en sê: "Ek sal beslis daar wees!"

Daardie middag kyk Apie hoe die diere naby die groot liggaam van die leeu bymekaarkom en dan een-een by hom verbystap. Hulle streel sy maanhare, soen hom op die kop en groet hom. Apie hop van een been na die ander. Hy wil so gou moontlik vir Leeu totsiens sê sodat hy by die partytjies kan uitkom.

Toe hy by Leeu se kop kom, leun hy oor en kwetter: "Totsiens, jou lawwe ou kat. Ek het jou behoorlik om die bos gelei."

Leeu maak sy oë oop en spring met 'n *B-R-U-L* orent! Apie skrik so groot dat hy agteroor val.



Apie kom vinnig weer op sy voete en klim rats in die naaste boom, waar hy sit en raas en bewe van vrees. Leeu brul weer en skud sy reuse klou in Apie se rigting: "Jy en al die ander apies moet liever nie uit die bome kom nie! As julle dit doen, sal ek julle vir aandete eet!"

En tot vandag toe woon apies altyd in bome. Hulle durf nie afkom nie, want hulle is steeds bang dat hulle Leeu se volgende maaltyd sal word.


Nal'ibali fun Nal'ibali-pret



1.

In the story, *Nicholas and the Wild Ones*, Nicholas is a great inventor. What machine could you invent to make life better for yourself or someone else? Draw a picture of it and write about it here. Remember to include the name of your machine, as well as labels that show how your machine works!

In die storie, *Werner en die Wildewragtigs*, is Werner 'n groot uitvinder. Watter masjien kan jy uitvind wat die lewe vir jouself of vir iemand anders beter sal maak? Teken 'n prent daarvan en skryf hier daaroor. Onthou om die naam van jou masjien in te sluit, asook die byskrifte wat wys hoe jou masjien werk!



Send us a picture of your invention and we'll publish it in the Nal'ibali Supplement, or on the Nal'ibali Facebook page! Remember to include your name, surname and age.

Send your picture to: info@nalibali.org (put Nal'ibali Supplement Editor in the subject line), or Nal'ibali Supplement Editor, The Nal'ibali Trust, Suite 17-201, Building 17, Waverley Business Park, Wyecroft Road, Mowbray, 7700.


Stuur vir ons 'n prent van jou uitvinding en ons sal dit in die Nal'ibali-bylae publiseer, of op Nal'ibali se Facebook-blad! Onthou om jou naam, van en ouderdom in te sluit. Stuur jou prent aan: info@nalibali.org (met Redakteur: Nal'ibali-bylae in die onderwerpreël), of aan Redakteur: Nal'ibali-bylae, Die Nal'ibali Trust, Suite 17-201, Gebou 17, Waverley-besigheidspark, Wyecroft-weg, Mowbray, 7700.



2.

Afrika also enjoys inventing and making things! Can you tell which little picture of him, is exactly the same as the big picture?

Afrika geniet dit ook om dinge uit te vind en te maak! Kyk of jy kan sien watter klein prentjie van hom presies dieselfde as die groot prent is.



Antwoord: c

Remember to get your copy of the next edition of the Nal'ibali Supplement in the week of 20 November 2016. It is our special holiday edition and the last one for 2016!

Visit us on Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA
Vind ons op Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA

Onthou om jou eksemplaar van die volgende uitgawe van die Nal'ibali-bylae in die week van 20 November 2016 te kry. Dit is ons spesiale vakansie-uitgawe en die laaste een vir 2016!

Produced for Nal'ibali by the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Times Media Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

SundayWorld



Drive your
imagination